SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Skole langer toe: Aanlyn onderrig bied sekerheid

2021/01/15

Die Departement van Onderwys (DBO) se aankondiging dat skole eers 15 Februarie gaan heropen, beteken leerders verloor 'n verdere 10 dae van onderrigtyd in 'n alreeds verkorte skooljaar.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) ondersteun steeds die veilige heropening van skole, en beklemtoon dat aanlyn onderrig 'n noodsaaklike deel uitmaak van onderwys tydens die pandemie. Verdere verlies aan onderrigtyd, sal leerders benadeel – veral in skole wat steeds nie opsies vir aanlyn leer in plek het nie.

Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die SOS, sê dat daar reeds gevestigde en bekostigbare aanlyn leerplatforms soos die SOS se Wolkskool bestaan wat aan skole, ouers en leerders die sekerheid bied van voorgesette onderrig, selfs al maak skole nie oop nie.

"'n Digitale strategie vir aanlyn leer is 'n onontbeerlike deel van die nuwe normaal vir skole om voortgesette onderwys te verseker. Dit is wel ook waar dat kinders by die skool binne beheerde omstandighede is, met toesig, terwyl dit nie die geval is terwyl skole gesluit is nie. Die gesloer met 'n entstof en moontlike derde en vierde vlaag van die pandemie, beteken ons sal moet leer om met die virus saam te leef en aanpas om gesond te bly midde in hierdie nuwe normaal."

Die DBO het onafhanklike skole aangemoedig om weer te sluit of om later te heropen, maar sal hulle nie keer om te heropen indien Covid-maatreëls nagekom word nie. Kleuterskole en naskoolsentrums val nie onder die DBO nie en kan wel heropen.

Die Wolkskool bied 'n volledige aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12, en twaalf verskillende vakverenigings bied professionele ondersteuning aan onderwysers.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za